# 1. PROBLEEM- EN DOELSTELLING, EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

## 1.1 INLEIDING

Die doel van hierdie eerste hoofstuk is om 'n uiteensetting van die probleemstelling rakende die verhouding skoolonderwys en die politiek te gee; die probleemvrae waaromheen die navorsing wentel, te stel; 'n metodologiese verantwoording te doen; om bepaalde sentrale begrippe vooraf te presiseer en om die struktuur van die navorsingsverslag weer te gee.

## 1.2 PROBLEEMBEREDENERING

Kenmerkend van alle onderwys is die aanwesigheid van verskillende kragte (waaronder ideologieë en politieke filosofieë) wat die beheer oor onderwys wil bekom (Dekker,1986; Stevens, 1987:75 e.v.; Thomas, 1983:1; Porter, 1989; Kedourie, 1989). Die intensiteit van die stryd in Suid-Afrika tussen sodanige kragte kan as 'n onderwyskrisis bestempel word (vergelyk Esterhuize, 1982:116; Coetzee, 1983:59; Engelbrecht & Nieuwenhuis, 1988:146; Van Niekerk, 1988:85-96; Van den Heever, 1990(b); Hartshorne, 1990:6; Green, 1992:12-15; Davis, 1992:25-30).

In Suid-Afrika bestaan daar 'n onderwys- en opvoedingsdilemma: in 'n samelewing wat in 'n fase van hervorming, transformasie en oorgang staan, staan politieke eise voorop - selfs ten koste van die onderwys (Van den Heever, 1990(a); Morrow, 1989; Johannes, 1990; Potgieter & Kirsten, 1990). Die Suid-Afrikaanse samelewing word reeds die afgelope dekade of meer gekenmerk deur pogings om die totale gemeenskap te mobiliseer en te (ver-)politiseer om gesamentlik byvoorbeeld teen die gevestigde onderwysstelsel in verset te kom en dit selfs rewolusionêr te verander (vergelyk Delancey, 1988:1-8; Garbers, 1988:14-15; Oberholster, 1988:39; Mostert et al. 1988:59 e.v.; Snyman en Lötter, 1988:105 e.v.; Holland & Rensburg, 1990; Viljoen, 1990:18-20).

Die krisis in skoolonderwys word verder gekenmerk deur die optrede van verskillende rolspelers wat die skoolonderwys (probeer) gebruik/misbruik om politieke steun te mobiliseer

en/of politieke prosesse te ondersteun (Marais, 1990). Hierdie aantasting van die skoolonderwys deur verskillende individue, faksies, organisasies en instellings, elkeen met 'n eie gekompromitteerdheid, spesifieke ideologiese standpuntstellings en politieke filosofieë, is daarvoor verantwoordelik dat 'n onderwyskrisis ontstaan (Morrow, 1988:248; Morrow, 1990; Coetzee, 1983:E46; Engelbrecht & Nieuwenhuis, 1988:146; Dostal, 1988:78-79; Ashley, 1990).

Konflikgeoriënteerde gedrag in die vorm van oproer, stakings, brandstigting, skoolboikotte en boewery was gedurende die tagtigerjare kenmerkend van 'n destyds hoogs ontvlambare onderwystoneel in die RSA. Skoolonderwys is onder meer aangewend vir die vestiging van bepaalde politieke persepsies en vir die realisering en handhawing van bepaalde politieke ideale (Dwight, 1990; Brynard, 1989:20). Politiek-maatskaplike oogmerke van veral radikales, soos die verkryging van gelykheid en die aandrang op meer legitieme politieke en ander instellings (dit wil sê instellings waarin alle mense verteenwoordig word), gekoppel met die grootskaalse ontevredenheid oor onderwysaangeleenthede (soos ongelyke salarisse; ongelyke voorsiening van fisiese fasiliteite; ongelyke gehalte van onderwys; ongelyke finansiering van onderwys; irrelevansie van onderwys, swak prestasie in eksamens en dies meer) noop veral sedert 1985 die monopolitiese onderwysmaghebbers om van hulle mag oor die onderwys afstand te doen of dit minstens met almal te deel (Dlamlenze, 1990; Aboobaker, 1990; Kane-Berman, 1988:6). In hierdie magstryd word onderwysprogramme gebruik/misbruik vir politieke doeleindes (Shingler, 1973:291-292; Van Heerden, 1986:127 e.v.; Coetzee, 1983:E-56; NECC, 1987:1; Van den Heever, 1988:8-12).

Beduidende pogings om die spanninge in die onderwys - wat veral sedert 1976 in intensiteit toegeneem het - te ontlont, sluit in die RGN-ondersoek na die Onderwys (1981); die Onderwysvernuwingstrategie (SA-1991); die Kurrikulumdokument vir Suid-Afrika (KUMSA-dokument-1992) en die National Education Policy Investigation (NEPI-verslag 1993). 'n Mens kry die indruk dat die verskyning van hierdie dokumente nie slegs die belangrikste onderwysgebeurtenisse die afgelope dekade was nie, maar dat die ondersoeke ook van die fundamenteelste was wat alle fasette van die nasionale onderwys onder die loep geneem het (Davis, 1992:29-30). Dit is onder meer aan hulle te danke dat gesprekvoering oor onderwysaangeleenthede die afgelope dekade prioriteit op alle agendas geniet het.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat skoolonderwys en die politiek in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Op grond van die klaarblyklike verhouding wat daar bestaan tussen die politiek en skoolonderwys, en die daaruit voortvloeiende onderwyskrisis, is die volgende probleemvrae geformuleer:

* Hoe behoort 'n Reformatoriese beginselstandpunt ten opsigte van die verhouding skoolonderwys en die politiek daar uit te sien?

* Wat behels die konsepte <u>skoolonderwys</u> en <u>politiek</u>?

* Hoedanig is/was die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek deur die eeue?

* Hoedanig is/was die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek in Suid-Afrika in die tydperk 1983 tot 1990?

* Watter rolle het leerlinge en studente, ouers en onderwysers gespeel te midde van politieke ontwikkelinge in die tydperk 1983 tot 1990?

## 1.3 AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

Die aktualiteit van die navorsing word nie net onderstreep deur die feit dat daar deurlopend gesprekke oor onderwys gevoer word op nasionale en plaaslike vlak, tydens konferensies, kongresse en simposia nie maar ook vanweë die politieke betrokkenheid van politici by die onderwys (Van der Merwe, 1993(a):6; Anon., 1993(a):15; Anon., 1993(b):8; Pretorius & De Lange, 1993:1; Kirstein, 1993:1; Anon., 1993(c):4; Anon., 1993(d):2; Stuart & De Lange, 1993:1; Van der Merwe, 1993(b):4; Kruger, 1993:1).

Die noodsaak van die uitwerk van 'n beginselstandpunt oor die verhouding skoolonderwys en die politiek kan gesien word teen die agtergrond van die heterogene bevolkingsamestelling van Suid-Afrika: elke groep het eie onderwysverwagtinge en -ideale. 'n Wetenskaplikverantwoorde verklaring en analise van die skoolonderwyskrisis sal aan onderwysleiers, onderwysbeplanners, opleiers van onderwysers, onderwysprogramopstellers,

kurrikuleerders, ouers, politici en ander gemeenskapsleiers 'n maatstaf bied waarteen die gepastheid van oplossings vir en harmonie tussen die aspirasies van onderwysbelanghebbendes in 'n diverse samelewing gemeet kan word (Morrow, 1988:245; Trümpelmann, 1986:89).

## 1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van hierdie navorsing was om:

* 'n Reformatoriese beginselstandpunt ten opsigte van die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek te formuleer;
* 'n konseptuele analise van die konsepte skoolonderwys en politiek uit te voer;
* vas te stel hoedanig die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek deur die eeue daar uitgesien het;
* die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek in Suid-Afrika in die tydperk 1983 tot 1990 te ontleed, en om
* die rolle wat leerlinge en studente, ouers en onderwysers gespeel het te midde van die politieke ontwikkelinge in die tydperk 1983 tot 1990 na te gaan.

## 1.5 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKTERREIN

### 1.5.1 Afbakening in terme van begripspresisering

In die titel van hierdie navorsingsverslag word die volgende twee kernbegrippe gebruik:

* skoolonderwys en
* politiek.

Deur elk van hierdie begrippe (voorlopig) te presiseer kan voorkom word dat wanopvattinge ontstaan wat die sinvolle ontplooiing van die verslag in die wiele mag ry.

### 1.5.1.1 Skoolonderwys

In die bepaling van die betekenisreikwydte van die konsep skoolonderwys, is die voor die hand liggende om daarop te wys dat dit 'n samestelling is uit **skool** plus **onderwys**. 'n Skool is 'n inrigting waar onderwys gegee word deur onderwysers (HAT, 1985:986). Oor die begrip skool bestaan daar geen onduidelikheid nie (vergelyk die Engelse begrip "school" (Chambers, 1992:1315-1316) en die Duitse begrip "Schule" (Brandt & Leue, 1971:366)). Dit is egter by die begrip "onderwys" nodig om meer analities te werk te gaan in die bepaling van die betekenisreikwydte van die term.

Onderwys is een van die maniere of wyses waarop opvoeding plaasvind. Alle onderwys is dus nie opvoedend van aard nie. Onderwys het veral meer te doen met die intellektuele vorming van die kind (Valenkamp, 1989). Deur onderwys word kennis en vaardighede aan die opvoedeling oorgedra wat as waardevol vir die menslike bestaan geag word; dit sluit ook kennis aangaande waardes en norme in. Onderwys sluit egter nie net intellektuele aktiwiteite in nie: dit raak ook die emosionele, psigiese, sosiale, estetiese, etiese, en ander funksies van die kind. Onderwys het die kind in sy totaliteit in die oog (vergelyk Schoeman, 1983:95 e.v.; Van der Walt & Dekker, 1983:27-28; 96-102; Spieker, et al. 1989; Morrow, 1990).

Daar word samevattend volstaan met die volgende werksdefinisie van skoolonderwys: dit verwys na daardie onderrigaktiwiteit(e) of handeling(e) wat binne 'n formeel georganiseerde praktyk (die skool) plaasvind, wat beplan en ontwerp word deur die onderwyser as 'n professioneel opgeleide persoon met as uiteindelike doel die toerusting van die leerling om as selfstandige en verantwoordelike mens sy lewenstaak op te neem en te voltooi (opvoedende onderwys).

### 1.5.1.2 Politiek

Die bekende uitspraak dat politiek sou beteken: wie kry wat, wanneer en hoe? bring maar net 'n sweempie van hierdie komplekse begrip na vore. Pogings om die begrip te ontleed ontglip steeds menige navorser. Voordat gewaag word (vergelyk Hoofstuk 2) om hierdie begrip verder te verken, is dit funksioneel om hier op 'n werksdefinisie van die konsep politiek te

besluit.

'n Aspek waaroor daar groot mate van eenstemmigheid in die kontemporêre politieke wetenskappe bestaan, is die onderskeid tussen **regering** en **politiek**. Regering is die institusionele raamwerk van beheer in 'n staat wat insluit die strukture en prosedures van die wetgewende en uitvoerende liggame. Politiek dui weer op daardie optredes en gedrag van groepe en individue in sake wat die normale gang van die regering kan en mag beïnvloed (vergelyk Connolly, 1983:12; Scruton, 1983:361-362; Scruton, 1989).

Politici, dit wil sê diegene wat politiek bedryf, poog elkeen, afhangende van die groep, organisasie of instelling wat hulle verteenwoordig, om juis daardie belange te bevorder of in balans te bring met dié van ander in 'n soeke na oplossings vir probleme. Die aard van die belangebevordering in terme van byvoorbeeld magsuitoefening, gesagsuitoefening en gelding kenmerk dan 'n betrokke staat(-bestel). So kan 'n staat tipies wissel, afhangende van die wyse waarop die verskillende groepe met mekaar in gesprek tree, tussen verhoogde disorganisasie enersyds, en verhoogde geïnstitusionaliseerdheid andersyds (Kruger, 1989; Potgieter & Kirsten, 1990).

Vir die doel van hierdie navorsing sluit die begrip politiek in: (1) die betrokkenheid van verskillende belanghebbendes (waaronder die staat, regering, gemeenskappe, politieke partye, die skool, ensovoorts) om (2) mag te bekom; (3) ook die proses van besluite, optredes en aksies waardeur belange behartig word; en (4) die reaksie van belanghebbendes op die voorgestelde wyse waarop belange behartig is of word.

### 1.5.2 Afbakening in terme van akademiese dissipline

Wetenskapsteoreties val die ondersoek binne die terreine van die Historiese Opvoedkunde en die Fundamentele Opvoedkunde. Die Politieke Filosofie verleen hulpdiens.

### 1.5.3 Afbakening in terme van tydperk wat bestudeer is

Die navorsing omvat sentrale gebeure op die politieke front soos wat dit betekenis gehad het

vir die skoolonderwys in die Republiek van Suid-Afrika vanaf 2 November 1983 met die Referendum oor 'n nuwe grondwet tot en met die "Nuwe Suid-Afrika-toespraak" van president F.W. de Klerk op 2 Februarie 1990. Hoewel hierdie tydperk 'n snit uit die kontemporêre Suid-Afrikaanse geskiedenis verteenwoordig, word nie te kenne gegee dat die gekose tydperk los staan van voorafgaande tydperke (voor 1983) nie. Sodanige opvatting sou neerkom op 'n miskenning van die kontinuïteit in die geskiedenis.

Daar is op die twee datums (1983 en 1990) as afsnypunte vir hierdie ondersoek besluit en wel om die volgende redes:

* Bo en behalwe dat die tydperk na 1983 'n era van ingrypende historiese belang is vir Suid-Afrika, bied hierdie tydperk 'n besondere geleentheid as konteks vir die bestudering van die verhouding skoolonderwys en die politiek. Hierdie tydperk kan beskryf word as die verval en aftakeling van die ideologie van apartheid wat amptelik met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 'n aanvang geneem het. Op die keper beskou, is die era na 1983 'n tydperk van oorwinning vir die African National Congress en sy geaffilieerdes met 'n duidelikgeformuleerde ideologiese plan van vrymaking ("liberation") van 'n blanksentriese bestel.

* Die tydperk 1983 tot 1990 bied vervolgens ook in die besonder aan die navorser 'n geleentheid om as't ware die "spel" tussen skoolonderwys en die politiek te kan bestudeer. Hierdeur kan enersyds die verskillende elemente van beide skoolonderwys en die politiek blootgelê word, en andersyds kan die wisselwerking tussen die geïdentifiseerde elemente bestudeer word.

## 1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.6.1 Inleiding

Vanweë die feit dat die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek in die RSA 'n hoogs omstrede en kontensieuse onderwerp was en is en vanweë die omvang van die besondere tydperk wat bestudeer is (1983-1990), was die gebruikmaking van 'n verskeidenheid metodes

noodsaaklik. Die aangebode metodes het mekaar in die loop van die navorsing nie net aangevul nie, maar het ook onderling as korrektief vir mekaar opgetree.

Die volgende navorsingsmetodes is toegepas in die loop van die ondersoek.

### 1.6.2 Die literatuurstudie

'n Aanvanklike literatuurstudie is gedoen om 'n oorsig van die omvang van die navorsingsterrein te verkry. Ten einde hiérdie doel te bereik is drie rekenaarsoektogte onderneem. 'n Soektog na knipsels van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) op 16 Maart 1990 het verskeie primêre bronne aan die lig gebring. Met behulp van hierdie bronne is van die belangrikste verteenwoordigers van sekere skole en politieke organisasies asook hulle vernaamste beleidstandpunte, geselekteer. Die soektog het ook 'n groot hoeveelheid sekondêre bronne opgelewer in die vorm van koerantberigte en tydskrifartikels. Hiérdie metode van inligtingsversameling word as 'n besonder belangrike werkwyse gesien in die rekonstruering van gebeure rondom skoolonderwys en die politiek vir die tydperk soos aangetoon (Van der Walt, 1987:6).

Om vas te stel wat die stand van navorsing met betrekking tot lopende en afgehandelde navorsing oor die navorsingstema is, is 'n NAVO-rekenaarsoektog op 25 April 1990 uitgevoer met die volgende trefwoorde: "politics and schools, politicization of schools, political attitudes, political influences, political socialization, political power and schools, political models and schools/education, educational policy and politics, political objectives and education, politics and educational principles" en "politics definition". Die resultaat was dat daar 12 afgehandelde en 4 lopende navorsingsverslae rondom hierdie trefwoorde opgespoor is. 'n Derde rekenaarsoektog, te wete 'n ERIC-DIALOG-soektog, is op 28 April 1990 uitgevoer met die volgende trefwoorde: "politics and schools, politicization of schools, government and schools, political power and schools, political models and schools, political attitudes and schooling, political parties and schools, politics and schooling principles" en "education and politics". Die resultaat van die soektog het 'n totaal van 211 artikels opgelewer waarvan 43 geblyk het bruikbaar te wees. Hieruit is 'n verdere seleksie gemaak - op grond van die geformuleerde navorsingsprobleem - waarvan slegs 11 direk

van toepassing op die navorsingstema was. Die literatuur is verder uitgebrei met 'n groot aantal verteenwoordigende primêre bronne. Hierdie bronne sluit in: die verskillende manifesto's van politieke partye en vryheidsbewegings; beleidverklarings deur politici en leiers van vryheidsbewegings; grondwette en reglemente van politieke partye en bewegings, onderwyserorganisasies, leerling- en studente-organisasies, ouerorganisasies; standpunte, uitsprake en persverklarings van die politieke partye, bewegings en onderwysorganisasies ten opsigte van beleidsake en onderwysaangeleenthede asook amptelike aankondigings deur bestuurslede van die verskillende onderwysorganisasies.

Soos uit die bronnelys bemerk kan word, is 'n verteenwoordigende aantal primêre bronne geraadpleeg. By heelwat van die primêre bronne is probleme ondervind met volledige bibliografiese besonderhede. Sodanige bronne was dermate vertroulik - veral gedurende die noodtoestandregulasies in die middel van die tagtigerjare - dat dié bronne 'n "besit verbode"-klassifikasie gehad het. Aan die ander kant is heelwat van die bronne anonieme werke bloot omdat die outeur se naam nie vermeld is nie. Gegewens, standpunte en uitsprake is, waar moontlik, met behulp van sekondêre bronne getoets en geverifieer. Gegewe hierdie struikelblokke was die gerekonstrueerde resultaat voldoende om 'n samehangende geheelbeeld van die gebeure te kon kry.

### 1.6.3 Ongestruktureerde onderhoude

In die onderhoude, wat ongestruktureerd verloop het, is slegs bewese deskundiges op die gebiede van skoolonderwys en die politiek, verteenwoordigende onderwysleiers, amptelike verteenwoordigers van die verskillende onderwys- en politieke organisasies en gemeenskapsleiers betrek. In die keuse van die gespreksgenote is gebruik gemaak van die metode van historiese gewig. Dit het behels die identifisering van toonaangewende navorsers, onderwysleiers, gemeenskapsleiers en ander individue wat op die een of ander wyse prominensie in die samelewing geniet.

Die onderhoude is doelbewus op 'n ongestruktureerde wyse gevoer. Die rede hiervoor was in die eerste plek om teoretiese insigte wat in die literatuur (vergelyk 1.6.2) gevind is, prakties te kon toets en verifieer. Tweedens het daar uit die onderhoude belangrike data

betreffende die navorsingstema na vore gekom wat op geen ander wyse ingesamel kon word as net deur middel van persoonlike kontak nie.

* Op 10 Mei 1989 is 'n onderhoud te Oxford, Engeland gevoer met John Wilson van die Department of Education, Oxford University, Engeland.

* Op 11 Mei 1989 is 'n onderhoud te Londen gevoer met Alex Porter van die Institute of Education, London University.

* Op 11 Mei 1989 is 'n onderhoud te Londen gevoer met dr. John White van die Institute of Education, London University.

* Op 12 Mei 1989 is 'n onderhoud te Cambridge gevoer met Terry McLaughlin van die Department of Education, University of Cambridge.

* Op 12 Mei 1989 is 'n onderhoud met dr. Peter Searby te Cambridge gevoer. Hy is verbonde aan die Department of Education, University of Cambridge.

* Op 22 Mei 1989 is 'n onderhoud met prof. Elie Kedourie gevoer. Hy is van die London School of Economics, Londen.

* Op 23 Mei 1989 is 'n opvolgonderhoud met Alex Porter van die Institute of Education, London University te Londen gevoer.

* Op 23 Mei 1989 is 'n onderhoud met prof. Roger Scruton gevoer. Hy is van die Department of Philosophy, London University, Londen.

* Op 29 Mei 1989 is 'n onderhoud met drs. Martin Valenkamp te Amsterdam gevoer van die Pedagogische Seminariuim Vrije Universiteit Amsterdam.

* Op 30 Mei 1989 is 'n gespreksgroep byeengeroep in die Fakulteit Opvoedkunde Vrije Universiteit waarby die volgende persone betrokke was: prof. Ben Spiecker,

dr. Johan Sturm en drs. Martin Valenkamp. Al drie hierdie kollegas is verbonde aan die Vrije Universiteit Amsterdam.

* Op 2 Junie 1989 is 'n onderhoud met dr. Wim Wardekker van die Fakulteit Opvoedkunde, Vrije Universiteit Amsterdam gevoer.

* Op 17 Augustus 1989 is 'n onderhoud in Potchefstroom gevoer met prof. Johan Kruger van die Fakulteit Regte aan die PU vir CHO.

* Op 27 Oktober 1989 is 'n onderhoud in Potchefstroom met prof. H.J.S. Stone gevoer wat pas sy intreerede gelewer het in die Fakulteit Opvoedkunde van die PU vir CHO.

* Op 21 Februarie 1990 is 'n gesamentlike onderhoud in Potchefstroom gevoer met prof. P.J.J.S. Potgieter en dr. J. Kirsten van die Departement Politieke Wetenskappe aan die PU vir CHO.

* Op 12 April 1990 is 'n onderhoud gevoer met mnr. Randall van den Heever, skoolhoof van die Spes Bona Senior Sekondêr in Athlone. Indertyd was hy die visevoorsitter van die Kaaplandse Professionele Onderwysersvereniging (KPO).

* Op 17 April 1990 is 'n onderhoud in Belhar gevoer met mnr. A. Aboobaker 'n gemeenskapsontwikkelingsbeampte in die kantoor van die Rektor aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK).

* Op 17 April 1990 is 'n gesamentlike onderhoud in Stellenbosch gevoer met prof. C.G. de Vries en dr. J.C. Steyn van die Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

* Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Belhar gevoer met prof. Wally Morrow in die Fakulteit Opvoedkunde aan Universiteit van Wes-Kaapland (UWK).

* Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Kaapstad gevoer met prof. Michael Ashley, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad.

* Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Rondebosch gevoer met mnr. Mike Dwight, onderwyser en gemeenskapswerker in Guguletu op die Kaapse vlakte.

* Op 19 April 1990 is 'n onderhoud gevoer op Stellenbosch met mnr. E.J.D. Johannes, skoolhoof van 'n sekondêre skool op Genadendal.

* Op 31 Julie 1990 is 'n onderhoud in Bloemfontein gevoer met prof. D.B. Truter, departementshoof van die Departement Vergelykende en Historiese Opvoedkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

* Op 2 Augustus 1990 is 'n onderhoud in Potchefstroom gevoer met dr. Paul Marshall van die Institute for Christian Studies, Toronto, Kanada. Dr. Marshall het opgetree as gasspreker by die jaarlikse Stokerlesings van die PU vir CHO.

* Op 31 Oktober 1990 is 'n onderhoud by die Funda Centre in Moroka, Soweto gevoer met mnr. H.H. Dlamlenze, jarelange Sekretaris-generaal van die African Teachers' Association of South Africa (ATASA).

* Op 31 Oktober 1990 is 'n onderhoud met mej. Mel Holland en mnr. Ihron Rensburg, beide van die National Education Crisis Committee (NECC), in Johannesburg gevoer.

* Op 1 November 1990 is 'n onderhoud in Pretoria gevoer met die leier van die Herstigte Nasionale Party (HNP), mnr. Jaap Marais.

* 'n Onderhoud is op 1 November 1990 in Garsfontein, Pretoria gevoer met mnr. Corrie Bouwer, 'n adjunkdirekteur van die Transvaalse Onderwysersvereniging.

### 1.6.4 Die probleem-historiese metode

Die keuse van die probleem-historiese metode is in die eerste plek vir die opvoedkundige in die algemeen van waarde omdat kennis aangaande die huidige onderwys- en opvoedingsvraagstukke nie as losstaande van 'n bepaalde kultuur-historiese konteks en aanloop gesien kan word nie. Die probleem-historiese metode hou ook in die tweede plek vir die histories-opvoedkundige besondere betekenis in deurdat in die rekonstruering van die opvoedingswerklikheid soveel moontlik inligting versamel word om 'n geheelbeeld van die gebeureverloop te verkry (Barnard, 1980:23 e.v.). Die gebruik van dié metode het derhalwe 'n basis(-lyn) verskaf waarop gesprekvoering rondom die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek gevoer kon word, en het ook onweglaatbare inligting, kennis en perspektiewe na vore gebring wat vir die verstaan en verklaring van huidige vraagstukke essensieel is.

### 1.6.5 Die struktuur-empiriese metode

Hierdie metode, ook bekend as die transendentaal-empiriese metode (vergelyk Van der Walt, 1992:89-117 vir 'n volledige uiteensetting van dié metode), maak die blootlegging en verstaan van die onderliggende strukture van die werklikheid (i.c. skoolonderwys en die politiek) moontlik. Schoeman (1978:801-802) laat hom soos volg uit betreffende die metode: "Die essensie van die struktuur-empiriese metode is dan dat dit, in die Skriflig, begrondend wil deurvra na die transendentale (resp. grondleggende) strukture van dinge wat binne die ervaringsveld van die mens (resp. lewenspraxis, empirie) voorkom, dog sonder om enige besondere `skepsel-gegewe' te wil uitsonder as finale verklaringsbron of verklaringsbeginsel vir dinge in die skeppingsverskeidenheid".

Die metode veronderstel die gebruikmaking van 'n aantal ander ondersteunende metodes (vergelyk in dié verband Van der Walt, 1992:115). Die vertrekpunt is egter altyd vanuit die mens as subjek in die werklikheid waarmee hy kennis aangaande die struktuur of opbou van die werklikheid verkry (Schoeman, 1978:793 e.v.).

### 1.6.6 Die prinsipieel-besinnende en -beskrywende metode

Gekoppel aan een van die hoofdoelstellings van hierdie navorsing, naamlik om 'n beginselstandpunt in te neem ten opsigte van die verhouding skoolonderwys en die politiek, bied die prinsipieel-besinnende metode, ondersteun deur die prinsipieel-beskrywende metode, die geleentheid vir 'n eie standpuntinname, beskouing en teorievorming. Belangrik by die toepassing van die metode is die in berekening bring van die eie beginselgrondslag in die skepping van 'n nuwe of ander toekoms, en dat so 'n nuutskepping nie spekulatief, misties en esoteries moet wees nie, maar ook toeganklik moet wees vir latere empiriese navorsing, aldus Van der Walt (1982:37). Aanvullende prinsipiële besinning veronderstel die logiese formulering van bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings sodat dit kongruent is aan die navorsingsmetodologie.

### 1.6.7 Die transendentaal-kritiese metode

In die behandeling van verskillende opvattings en teorieë rakende skoolonderwys en die politiek staan die transendentaal-kritiese metode sentraal in die prinsipiële bevraging en bedinking van die vertrekpunte en grondslae daarvan. Die implikasie hiervan is dat die metode aan die navorser 'n bepaalde kritiese ingesteldheid verskaf waarteen hy aangebode teorieë kan meet. Vir die doel van die navorsing word veral aangesluit by navorsers wat die metode met sukses gebruik en toegepas het in die filosofie en die opvoedkunde (vergelyk Strauss, et al. 1978:1,20; Schoeman, 1983:54; Van der Walt, 1982:28, Van der Walt, 1988:225, Postma, 1986:8; Viljoen, 1988:4).

Die transendentaal-kritiese metode behels die volgende vier fases: die immanente kritiek, die transendentale kritiek, die transendente kritiek en die eksheretiese kritiek. Die metode impliseer dat, waar nodig, vasgestel word of die bepaalde teoretikus of skrywer getrou is aan sy eie woordgebruik, formulerings en argumentasies (immanente kritiek). Vervolgens word krities gekyk na die religieuse motief van die teoretikus (transendentale kritiek) en 'n eie standpunt geformuleer (transendente kritiek). Nadat bogenoemde kritiese stappe afgehandel is, word gekom tot 'n eie standpunt waarby die waarheidsmomente van die spesifieke teorie geïntegreer is (eksheretiese kritiek).

### 1.6.8 Die metode van wetenskaplike tekskritiek, teksanalise en teksgebruik

Omdat hierdie navorsing gekenmerk word deur 'n veelheid van tekste wat gebruik is, was tekskritiek, teksanalise en teksgebruik 'n noodsaaklike metodologiese vereiste. Nie net het dié metode die navorser in staat gestel om die oorsprong, egtheid en betroubaarheid (eksterne kritiek) van die tekste te bepaal nie, maar ook om die teoretiese en die voorteoretiese uitgangspunte (interne kritiek) van 'n betrokke skrywer te bepaal (Barnard, 1980:26; Van der Walt, 1985:75 e.v.).

### 1.6.9 Die eksemplariese metode

Die eksemplariese metode maak die analise en bestudering van 'n andersins ongrypbare veelheid van verskynsels in die werklikheid moontlik (Van Heerden, 1982:24-26). Deur 'n studie van verteenwoordigende eksemplare te maak (i.c. van verskillende politieke partye, vryheidsbewegings, onderwyserverenigings, studenteverenigings, ouerorganisasies en gemeenskapsorganisasies) word die probleem van oppervlakkigheid en oorsigtelikheid ondervang en so 'n diepte-analise verskaf. Hierdie metode gekoppel met die ander wat vermeld word, het die navorser in staat gestel om die gebeure so outentiek moontlik te rekonstrueer.

### 1.6.10 Die vergelykende metode

As erkende en beproefde metode van wetenskapsbeoefening - ook in die opvoedkunde - hou die vergelykende metode 'n groot voordeel in, naamlik dat bepaalde ooreenkomste en verskille tussen die gekose eksemplare aangetoon kan word. Aan die hand van die ooreenkomste en verskille kan dan na moontlike oplossings en antwoorde vir die navorsingsprobleem gesoek word. Met inagneming van die eis dat daar 'n basis vir vergelyking moet wees, kan kennisleemtes so aangevul word (Venter & Van Heerden, 1989:131-138).

Die vergelykende metode het die navorser in staat gestel om deur middel van analise en beoordeling van die aangebode standpunte en argumente van betrokke rolspelers in

skoolonderwys en die politiek te kom tot 'n wetenskaplike ontleding en ordening van ooreenkomste en verskille vir sover dit met die doel van die navorsing verband gehou het.

### 1.6.11 Die metode van konseptuele analise

Die metode van konseptuele analise bestaan tipies uit twee fases: 'n woordanalise en 'n konseptuele analise (Magee, 1971:52-53; Soltis, 1968:1 e.v.). In die woordanalise is dit onder andere belangrik om uit te vind wat die etimologiese oorsprong van die woord(e) is. Konseptuele analise neem eers 'n aanvang nadat die woordanalise afgehandel is. In hierdie fase word aandag gegee aan die onderskeibare kenmerke wat in die woord-analise na vore gekom het. Deur kreatiewe denke en beredenering kan tot "unpacking" en "explicating" (Barrow,1981:9) van die konsepte gekom word (vir 'n vollediger uiteensetting van dié metode vergelyk Magee, 1971; Hirst & Peters, 1970; Soltis, 1968; Scheffler, 1965; Barrow, 1981; Hospers, 1978; Van der Walt, 1988).

Deur gebruik te maak van die metode van konseptuele analise kon op die verskillende konseptuele raamwerke van **skoolonderwys** en **politiek** gewys word wat aanleiding kan gee tot misverstande, dubbelsinnigheid en verwarring. Verder is, deur konseptuele analise, vasgestel dat indien die begrippe **skoolonderwys** en **politiek** gebruik word, daar deur die gespreksgenote op verskillende vlakke met mekaar gekommunikeer word.

## 1.7 STRUKTUUR VAN HIERDIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit vyf **artikels**. Die doel met die eerste artikel (Hoofstuk 2) was om vanuit Reformatoriese perspektief 'n beginselstandpunt te formuleer rakende die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek.

In die tweede artikel (Hoofstuk 3) is 'n konseptuele analise van **skoolonderwys** en **politiek** gemaak. Vanweë die belangrikheid van die twee konsepte vir die navorsing, is daar in die artikel getrag om groter duidelikheid te verkry oor die gebruiks- en betekenisreikwydte van dié twee konsepte.

In die derde artikel (Hoofstuk 4) is 'n eksemplariese ondersoek gerapporteer oor die verhouding tussen (skool-)onderwys en die politiek deur die eeue. In die keuse van die eksemplare (Plato, Aurelius Augustinus, John Locke en John Dewey) is daar doelbewus gesoek na figure waarby daar 'n goedgeformuleerde opvatting oor beide onderwys en die politiek bestaan.

Die doel van die vierde artikel (Hoofstuk 5) was om binne die kontemporêre Suid-Afrikaanse situasie (1983 tot 1990) vas te stel hoedanig die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek daar uitgesien het.

In die vyfde artikel (Hoofstuk 6) is getrag om konkrete vergestaltinge van die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek aan te toon soos dit na vore kom in die onderskeie rolle van leerlinge/studente, onderwysers en ouers tussen 1983 en 1990. Hierdie wisselwerking tussen skoolonderwys en die politiek moet noodwendig gesien word teen die agtergrond van die breër konteks wat in Artikel vier uitgespel is.

In Hoofstuk 7 word die bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die ondersoek gevloei het, aangebied.

## 1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die probleemstelling, aktualiteit, doel, metode en struktuur van die navorsing. In die volgende artikel word aandag gegee aan die formulering van 'n Reformatoriese beginselstandpunt met betrekking tot die verhouding skoolonderwys en die politiek.

## NOTA

Die verslag van die navorsing word in die vorm van **artikels** aangebied. Dit is belangrik om daarop te let dat elkeen van bogenoemde artikels individueel 'n selfstandige eenheid vorm en nie van ander artikels afhanklik mag wees vir konteks nie. Elke individuele artikel se bibliografie word derhalwe aan die einde van die betrokke artikel

geplaas. 'n Volledige bibliografielys verskyn hoofstukgewys aan die einde van die verslag. Die vyf artikels skakel verder nie soos hoofstukke in 'n boek logies aanmekaar nie. Enige oneffenheid met die verslag in terme van byvoorbeeld 'n kursoriese skryfstyl, nie genoegsame agtergrond nie, gebrek aan kruisverwysings na ander "hoofstukke", 'n gebrek aan opeenvolging van die argumentasielyn tussen artikels, oorvleueling tussen artikels, herhaling en dies meer moet noodwendig teen dié agtergrond gesien word. Die logiese lyn word egter in die eerste en laaste hoofstukke van die verslag aangetoon. Die afsonderlike artikels wat as "hoofstukke" op mekaar volg, is tussen hierdie eerste en laaste hoofstukke geplaas en van 2 tot 6 genommer.

**BIBLIOGRAFIE**


ABOOBAKER, A. 1990. Gemeenskapsontwikkelingsbeampte in die kantoor van die Rektor aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK). Op 17 April 1990 is 'n onderhoud in Belhar gevoer.

ANON. 1993(a). NECC warns against unilateral renewal. The Citizen : 15, January 29.

ANON. 1993(b). Autogenous schools a right: Marais. The Citizen : 8, March 9.

ANON. 1993(c). Groepe bekyk die krisis in swartonderwys. Beeld : 4, April 3.

ANON. 1993(d). Operasie isolasie teen DOK. Organisasies beplan om betogers te betaal, leerkragte te intimideer. Beeld : 2, April 3.

ASHLEY, M. 1990. Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad. Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Kaapstad gevoer.

BARNARD, S.S. 1980. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde as wetenskap. Pretoria : Butterworth.

BARROW, R. 1981. The philosophy of schooling. Brighton, Sussex : Wheatsheaf Books.

BRANDT, P.A. & LEUE, J.A.E. 1971. Schulwörterbuch. Pretoria : Van Schaik.

BRYNARD, K. 1989. Die wanhoop in die swart onderwys. Insig: 20, Augustus.

COETZEE, J.H. 1983. Political manifestations in education. (In De Jager, D.K., Coetzee, J.H. & Bischoff, T.C., eds. Metagogics: methodology and application. Pretoria : HAUM. p. E35-E68.)

CONNOLLY, W.E. 1983. The terms of political discourse. Princeton, New Jersey : Princeton University Press.

DAVIS, G. 1992. Transforming the education morass. Die Suid-Afrikaan, 39:25-30, Junie/Julie.

DEKKER, H. 1986. Politiek op skool. Groningen : Universiteit van Groningen. (Proefschrift - D. Phil.)

DELANCEY, M.W. 1988. The education futures seminars. A summary of discussion. s.l. : s.n. (Kopie in besit van skrywer.)

DLAMLENZE, H.H. 1990. Jarelange Sekretaris-generaal van die African Teachers' Association of South Africa (ATASA). Op 31 Oktober 1990 is 'n onderhoud by die Funda Centre in Moroka, Soweto gevoer.

DOSTAL, E. 1988. Notebook on educational trends and perspectives. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Instituut vir Toekomsnavorsing.)

DWIGHT, M. 1990. Onderwyser en gemeenskapswerker in Guguletu op die Kaapse vlakte. Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Rondebosch gevoer.

ENGELBRECHT, S.W.H. & NIEUWENHUIS, F.J. 1988. Educational strategies for the future. (In Marais, H.C., ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p. 145-169.)

ESTERHUISE, W.P. 1982. Die pad na hervorming. Kaapstad : Tafelberg.

GARBERS, J.G. 1988. Issues relating to the management of human sciences research in South Africa. (In Marais, H.C., ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p. 1-16.)

GREEN, M. 1992. South Africa's lost generation. The education digest, p.12-15, March.

HARTSHORNE, K. 1990. Onderwys in die oorgangstyd. Suid-Afrika-Stigting Oorsig, p.6, Augustus.

HAT
kyk
ODENDAL, F.F., red.

HIRST, P.H. & PETERS, R.S. 1970. The logic of education. London : Routledge & Kegan Paul.

HOLLAND, M. & RENSBURG, I. 1990. National Education Crisis Committee (NECC). Op 31 Oktober 1990 is 'n onderhoud in Johannesburg gevoer.

JOHANNES, E.J.D. 1990. Skoolhoof van 'n sekondêre skool op Genadendal. Op 19 April 1990 is 'n onderhoud gevoer op Stellenbosch.

KANE-BERMAN, J. 1988. The erosion of apartheid. (Testimony before the sub-committee of Africa and international economic policy and trade on foreign affairs of the House of Representatives of the 100th Congress of the United States of America on 23rd March 1988.) Johannesburg : Times Media.

KEDOURIE, E. 1989. London School of Economics. Op 22 Mei 1989 is 'n onderhoud gevoer.

KIRSTEIN, L. 1993. Onderwys pak FW. FOR-manne stap uit beraad. Transvaler : 1, Maart 11.

KRUGER, J. 1989. Fakulteit Regte PU vir CHO. Op 7 Augustus 1989 is 'n onderhoud in Potchefstroom gevoer.

KRUGER, P. 1993. Werkgroep kyk na krisis in onderwys. Staat se plan terwyl geweld landwyd voortduur. Beeld : 1, Mei 6.

MARAIS, J. 1990. Leier van die Herstigde Nasionale Party (HNP). Op 1 November 1990 is 'n onderhoud in Pretoria gevoer.

MORROW, W. 1988. Democratic schooling and the continental nuisance. Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde, 6(4):245-249, November.

MORROW, W. 1990. Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK). Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Belhar gevoer.

MOSTERT, W.P.; VAN TONDER, J.L. & HOFMEYR, B.E. 1988. Demographic trends in South Africa. (In Marais, H.C., ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p. 59-86.)

NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION (NEPI). 1993. Cape Town : Oxford University Press.

NECC. 1987. What is history? A new approach to history for students, workers and communities. Johannesburg : Skotaville Educational Division for the NECC.

OBERHOLSTER, A.G. 1988. Evolution of South African society. (In Marais, H.C., ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p. 39-58.)

ODENDAL, F.F.; SCHOONEES, P.C.; SWANEPOEL, C.J.; DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1985. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

PORTER, A. 1989. Institute of Education, London University. Op 11 Mei 1989 is 'n onderhoud te Londen gevoer.

POSTMA, W. 1986. 'n Fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak. Potchefstroom. (Proefskrif - D.Ed.)

POTGIETER, P.J.J.S. & KIRSTEN, J. 1990. Departement Politieke Wetenskappe aan die PU vir CHO. Op 21 Februarie 1990 is 'n gesamentlike onderhoud in Potchefstroom gevoer.

PRETORIUS, C. & DE LANGE, F. 1993. Teachers' body may sue government. The Citizen : 1, March 11.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA: verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys. Pretoria. (Voorsitter: J.P. de Lange.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1989. Politiek en die onderwys. (Onderwysnavorsingsprogram, nr. 16. reds. de Lange, J.P., Engelbrecht, S.W.H. & Taunyane, L.M.)

SCHEFFLER, I. 1965. The conditions of knowledge. Glenview, Illinois : Scott, Foresman.

SCHOEMAN, P.G. 1983. Wysgerige pedagogiek. Pretoria : SACUM.

SCHOEMAN, P.G. 1978. Elementêre grondbegrippe van die pedagogiek. Fokus, 6(3):793-817, Augustus.

SCHWARZ, C. ed. 1992. Chambers English dictionary. Cambridge : Chambers.

SCRUTON, R. 1983. A dictionary of political thought. London : Macmillan.

SCRUTON, R. 1989. Department of Philosophy, London University. Op 23 Mei 1989 is 'n onderhoud gevoer.

SHINGLER, J.D. 1973. Education and political order in South Africa. Yale university. (Dissertation - D.Phil.)

SNYMAN, S.A. & LOTTER, J.M. 1988. On the road to equitable and affordable social provision. (In Marais, H.C., ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p. 105-123.)

SOLTIS, J.F. 1968. An introduction to the analysis of educational concepts. London : Addison-Wesley.

SPIECKER, B.; STURM, J. & VALENKAMP, M. 1989. Op 30 Mei 1989 is 'n gespreksgroep byeengeroep in die Fakulteit Opvoedkunde, Vrije Universiteit Amsterdam.

STEVENS, P. 1987. Political education and political teachers. Journal of philosophy of education, 21(1):75-83.

STRAUSS, D.F.M.; SMIT, J.H. & SCHOEMAN, P.G. 1978. Kompendium vir studente in die Wysbegeerte en die Wysgerige Pedagogiek. Durban : Butterworth.

STUART, B. & DE LANGE, F. 1993. Threat to schools: govt will act. The Citizen : 1, April 30.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1991. Onderwysvernuwingstrategie (OVS): 'n besprekingsdokument. Pretoria : Departement Produksie, Universiteit van Suid-Afrika.

THOMAS, R.M. 1983. Politics and education. Oxford : Pergamon Press.

TRüMPELMANN, M.H. 1986. Politieke geletterdheid as verantwoordelikheid van die sekondêre skool. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.

TRUTER, D.B. 1981. Die politieke faktor by onderwys, met spesifieke verwysing na onderwys en onderwysstelselbeplanning vir swartes in die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel. Bloemfontein. (Proefskrif - D.Ed.)

VALENKAMP, M. 1989. Pedagogische Seminariuim Vrije Universiteit Amsterdam. Op 29 Mei 1989 is 'n onderhoud gevoer.

VAN DEN HEEVER, R. 1988. Developing alternative curriculum materials for the classroom. (In Cape Teachers' Professional Association. Alternative education. The road to a democratic future. Cape Town : Clyson. p.8-12.)

VAN DEN HEEVER, R. 1990(a). Vernuwing in Afrikanerdenke - die onderwys. (Referaat gelewer op 24 Maart 1990 tydens 'n seminaar aangebied deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.) Potchefstroom : (Ongepubliseer.)

VAN DEN HEEVER, R. 1990(b). Skoolhoof van die Spes Bona Senior Sekondêr in Athlone. Indertyd die visevoorsitter van die Kaaplandse Professionele Onderwysersvereniging (KPO). Op 12 April 1990 is 'n onderhoud gevoer.

VAN DER MERWE, M. 1993(a). Leerlingtal hoef hoë standaard nie te laat daal. Gehalte kan verhoog word - kenners. Beeld : 6, Februarie 2.

VAN DER MERWE, M. 1993(b). Onderwys kort raadgewende liggaam. Beeld : 4, Mei 1.

VAN DER WALT, J.L. 1982. Die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde. Koers, 47(1):28-44.

VAN DER WALT, J.L. 1985. Wetenskaplike teksstudie. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VAN DER WALT, J.L. 1987. People's Education. 'n Model vir onderwys in 'n multikulturele samelewing? Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.L. 1988. Fundamentele Opvoedkunde in Drie Dimensies. Hillcrest : Owen Burgess-Uitgewers.

VAN DER WALT, J.L. 1992. Fundamentele Opvoedkunde en die ontisiteit van opvoeding. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1983. Fundamentele Opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom : Promedia.

VAN HEERDEN, K.W. 1982. Die geskiedenis van die pedagogiek as wetenskap. Port Elizabeth. (Proefskrif - D.Ed.)

VAN HEERDEN, S.M. 1986. Die taal- en taalmediumkwessie in die Suid-Afrikaanse onderwysontwikkeling. (In Kruger, E.G., red. Opvoeding - verlede, hede en toekoms. Pretoria : Euro-publikasies. p.127-138.)

VAN NIEKERK, A. 1988. Die onderwys: krisis en uitsig. (In Landman, J.P., Nel, P. & Van Niekerk, A., reds. Wat kom na apartheid? Jong Afrikaners aan die woord. Johannesburg : Southern-Boekuitgewers. p.85-96.)

VENTER, I.S.J. & VAN HEERDEN, S.M. 1989. Die fundering van die Historiese Opvoedkunde. Pretoria : Euro-publikasies.

VILJOEN, C.T. 1988. 'n Skrifmatig ontologiese fundering van onderwysleierskap. Potchefstroom. (Skripsie - M.Ed.)

VILJOEN, C.T. 1990. Stakersmentaliteit in die onderwysbestel: skole en die vakbondwese. Woord en Daad, 30(331):18-20, Sept.

WHITE, J. 1989. Institute of Education, London University. Op 11 Mei 1989 is 'n onderhoud te Londen gevoer.

WILSON, J. 1989. Department of Education, Oxford University Engeland. Op 10 Mei 1989 is 'n onderhoud te Oxford, Engeland gevoer.